higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT DIE REGTE
NKR VLAK 2

(8021002)

1 Maart 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

NOTA: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Beantwoord ALLE vrae in AFDELING A, B en C.
3. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
4. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Laat 'n spasie en trek 'n streep onder die bladsy nadat jy elke vraag voltooi het.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Verskillende opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Toon aan watter stelling is die korrekste:

A Regsnorme is die reëls wat die staat afdwing en wat op elke persoon in die samelewing van toepassing is.
B As hierdie reëls verbreek word, sal daar geen straf wees nie.
C 'n Regsnorm is 'n stel reëls gegrond op algemeen aanvaarbare sosiale gedrag.
D A & C

1.2 Toon aan watter stelling is die mees korrekte:

A Om 'n wet te herroep, is om 'n wet uit 'n stel wette te verwyder.
B 'n Wysiging is 'n verandering of verbetering aan 'n bestaande wet.
C Die Konstitusionele Hof is in Bloemfontein.
D A & B

1.3 Toon aan watter stelling is die mees korrekte:

A Gewoontereg is die oudste vorm van regskepping.
B Gewoontereg is die reg wat ontwikkel uit die gewoontes en tradisies van spesifieke gemeenskappe.
C A & B
D Inheemse mense verwys na mense wat selde 'n bepaalde gebied bewoon het.

1.4 Toon aan watter stelling is die mees korrekte:

A Regsubjekte is mense of sake wat regte en pligte het ingevolge die reg.
B Die regte en pligte van regsubjekte word regsbevoegdheid genoem.
C Daar is drie soorte regsubjekte.
D B & C

1.5 Kies die korrekte antwoord:
Voorbeelde van onroerende eiendom is:

A Motors
B Meubels
C Swembad
D A & B

NCV

1.6 Toon aan watter stelling is die mees korrekte:
Die onderwerp van versekering word in versekeringsreg gedek:

A Versekering is 'n kontrak van goeie trou tussen 'n versekeraar en 'n persoon.
B Die versekeraar belowe om die versekerde 'n bedrag geld te betaal as 'n risiko plaasvind.
C Die versekeringsmaatskappy belowe om die versekerde maandelikse premies te betaal voor die risiko plaasvind.
D A & B

1.7 Toon aan watter stelling is die mees korrekte:

A 'n Belastingjaar vir individue in Suid-Afrika strek van 1 Januarie tot 31 Desember in dieselfde jaar.
B 'n Belastingjaar vir individue in Suid-Afrika strek van 1 April tot 31 Maart in die volgende jaar.
C 'n Belastingjaar vir individue in Suid-Afrika strek van 1 Maart tot 28 Februarie in die volgende jaar.
D 'n Belastingjaar vir individue in Suid-Afrika strek van 1 Junie tot 31 Mei in die volgende jaar.

1.8 Toon aan watter stelling is die mees korrekte:

A Die wetgewende gesag maak wette.
B Die uitvoerende gesag interpreteer die reg.
C Die uitvoerende gesag interpreteer die reg en behartig mense wat die reg verbreek.
D A & C

1.9 Toon aan watter stelling is die mees korrekte:

A Daar is 'n geen verband tussen staatsreg en administratiefreg nie.
B Daar is drie soorte administratiewe handelinge wat die uitvoerende gesag uitvoer, naamlik wetgewende handelinge, regsprekende handelinge en suiwer administratiewe handelinge.
C 'n Militêre tribunaal is nie 'n administratiewe liggaam nie, maar voer regsprekende handelinge uit.
D B & C

1.10 Toon aan watter stelling is die mees korrekte:

A Prosesreg is 'n voorbeeld van formele reg.
B Bewysreg is 'n voorbeeld van formele reg.
C A & B
D Privaatreg is 'n voorbeeld van formele reg.

(10 × 1) **[10]**

NCV

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde te gebruik wat in die lys hier onder verskaf word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

kontrakte; soortgelyk(e); huwelike; verskillend(e); beslissings; eie; voorkeure; onseker; vorige; seker; wette

Die *stare decisis*-reël word toegepas op hof beslissings. Die term *stare decisis* is 'n Latynse frase wat beteken om te bly by dinge wat besluit is. Hierdie regsreël bepaal dat (2.1) ... geneem deur die howe deur ander howe gevolg moet word. Dit is wat regspresedent beteken. Dit voorkom dat 'n voorsittende beampte 'n belissing maak gegrond op sy (2.2) ... persoonlike beskouings of (2.3) ... . Met ander woorde, 'n hofsaak kan nie op 'n willekeurige of onbillike wyse besluit word nie. Beslissings wat voorheen in soortgelyke sake gelewer is, moet gevolg word.

As daar toegelaat sou word dat uitsprake willekeurig is, sou dieselfde soort probleem anders beslis word na gelang van wie die voorsittende beampte is. Dit sou sake (2.4) ... maak, aangesien niemand sou weet wat die reg oor 'n bepaalde punt is nie.

Om sekerheid en eenvormigheid te bevorder, beslis voorsittende beamptes huidige en toekomstige sake deur (2.5) ... beslissings oor dieselfde aangeleentheid oor soortgelyke feitestelle te volg.

(5 × 1) (5)

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n woord/item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

	KOLOM A		KOLOM A
3.1	Vennootskap	A	Mense wat aandele in 'n maatskappy besit
3.2	Aandeelhouers	B	Bestaan uit lede en het 'n regspersoonlikheid afsonderlik van dié van sy lede en word deur sy lede verteenwoordig in alle transaksies met derde partye
3.3	Privaat maatskappy	C	Die regsproses waarvolgens 'n natuurlike persoon insolvent verklaar word deur 'n hof en 'n kurator dan al die bates oorneem
3.4	Beslote korporasie	D	Waar twee of meer mense ooreenkom om 'n besigheid te skep waarvolgens elke persoon 'n bydrae lewer en 'n deel van die wins kry
3.5	Sekwestrasie	E	Het dikwels net een lid en die lid hou al die aandele

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'WAAR' of 'ONWAAR' langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Statuutreg is ontwerp om die funksies en rolle van die regering duidelik te maak en om mense se lewens in 'n land te verbeter.

4.2 Voor 'n gewoonte as 'n regsreël aanvaar kan word, moet dit redelik en goed gevestig wees.

4.3 In 'n kontrak tussen twee mense word elke persoon verplig om te presteer ooreenkomstig die bepalings van die kontrak.

4.4 'n Kontrak is 'n regtens bindende ooreenkoms tussen twee of meer mense en moet slegs op skrif wees.

4.5 'n Delik is die regmatige optrede van 'n persoon wat tot gevolg het dat die ander persoon (die slagoffer) skade of verlies ly.

4.6 Wangedrag by die werkplek, bv. dronk aan diens word in arbeidsreg behandel.

4.7 Immaterieelgoedereereg staan ook bekend as Intellektueel- of Industrieeleiendomsreg.

4.8 Prosesreg word ingedeel in siviele prosesreg en privaatreg.

4.9 In 'n siviele saak moet die eiser (persoon wat die saak aanhangig maak) genoeg getuienis lewer teen die verweerder om 'n regter of landdros te oortuig.

4.10 'n Getuie is 'n persoon wat teenwoordig is wanneer 'n misdaad plaasvind en sien en hoor wat gebeur.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

NCV

AFDELING B

VRAAG 5

Regsreëls help 'n land met sy bestuur. Alle lande het dus reg, moraliteit en regspleging. Die doel van die reg is om maatskaplike botsings op te los, orde te handhaaf en geregtigheid te bevorder. Privaatreg behartig aangeleenthede soos testate erfopvolging (as 'n persoon sterf en 'n geldige testament agterlaat, hoe die boedel behartig moet word).

5.1 Beskryf wat bedoel word met *regspleging.* (5)

5.2 Beskryf *regsreëls.* (2)

5.3 Beskryf die rol van die *gemenereg.* (3)

5.4 Die vereistes en reëls vir testamente is te vinde in die Wet op Testamente 7 van 1963 en gemeenregtelike reëls. Wat is die vereistes vir 'n geldige testament? (5)

5.5 Verduidelik wat *verlowing* is ingevolge die familiereg. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

Studente in Suid-Afrika het onlangs protesoptrede georganiseer vir hulle #Fees-must-fall-veldtog. Een studenteleier is gearresteer en moes in die hof verskyn. Party van die studente se ouers woon in verre landelike gebiede en keur nie hul kinders se optrede goed nie, aangesien dit nie deel van hulle kultuur en opvattings is nie.

6.1 Beskryf die algemene kenmerke van inheemse reg. (5)

6.2 Noem die drie bronne van inheemse reg. (3)

6.3 Verduidelik kortliks wat die *Code of Zulu Law* is. (2)

6.4 Noem en bespreek vyf laer howe in Suid-Afrika. (10)

6.5 (a) Noem die elemente van 'n misdaad en gee 'n kort beskrywing van elkeen. (8)

(b) Kan 'n hond 'n misdaad begaan as hy 'n persoon byt? Motiveer jou antwoord. (2)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 7

Inheemse reg het oor die jare heen in hierdie land ontwikkel en is steeds vir sommige gemeenskappe relevant. Dit is dus na die Republiek se eerste demokratiese verkiesing van 1994 van toepassing in Suid-Afrika .

7.1 Beskryf die rol van inheemse reg in Suid-Afrika deur na die volgende4 aspekte te verwys:

7.1.1 Inheemse reg en erfopvolging (3)

7.1.2 Inheemse reg en die huwelik (3)

7.1.3 Die persoon in inheemse reg (4)

7.2 Beskryf die ontwikkeling van inheemse reg in 'n demokrasie deur na die volgende te verwys:

7.2.1 Die erkenning van inheemse reg (5)

7.2.2 Die Grondwet van Suid-Afrika (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20

OF

VRAAG 8

8.1 Verskeie mense soos regters, landdroste, advokate en aanklaers is betrokke by regspleging in Suid-Afrika.

Bespreek die rol van advokate in hierdie proses. (10)

8.2 Bespreek die hofprosedures in 'n strafhof deur te verwys na die volgende:

8.2.1 Die lees van die aanklag (5)

8.2.2 Die pleit op die aanklag (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou